# Werk met sinne

## Soorte sinne

Daar is vier soorte sinne in enige taal.

| Soort sin | Voorbeeldsin | Opmerkings |
|---|---|---|
| **Stelsin** | My niggie trou Saterdag. | Eindig met 'n punt (.) |
| **Vraagsin** | Trou my niggie Saterdag?<br>Wanneer trou my niggie? | Eindig met 'n vraagteken (?) |
| **Bevelsin** | Wees betyds vir die troue! | Eindig met 'n uitroepteken (!) |
| **Uitroepsin** | Aitsa, my niggie lyk pragtig! | Eindig met 'n uitroepteken (!) |

1. Lees die teks en beantwoord dan die vrae.

Een groot gelukkige gesin! Dis hoe ek graag die mense beskryf wat saam met my woon. Ek is seker daar is nog gesinne soos myne, maar ek is bly om deel van hierdie een te wees.

Die hoof van ons huis is my pa, Aaron. My pa is 'n polisieman. Hy dra sy uniform met trots. My pa gaan elke oggend agtuur werk toe om die boewe te vang. Hy en drie kollegas het gister weer 'n bende vasgetrek. Is dit waar dat ons polisiemag sleg is? Nee, nie waar my pa betrokke is nie. Hy is my held!

My ma, Zukisa, is 'n huisvrou. Dit is lekker om my maats huis toe te bring, want ons huis is altyd skoon en netjies. Die geur van heerlike kos hang altyd in die lug. Wanneer ek moet huiswerk doen, help my ma waar sy kan, maar sy leer my ook om self hard te werk.

My boetie en sussie is 'n tweeling. Hulle is negentien jaar oud en studeer albei om dokters te word. Sjoe, Sipho en Mpho is baie slim! Ek hoop dat ek ook so goed soos hulle sal presteer.

Ons kuier graag saam oor naweke en speel speletjies. As daar gewerk word, werk almal. As daar gespeel word, speel almal. Ek wens my maats wat ongelukkig is, kan deel wees van my gesin. Ek is die gelukkigste kind op aarde!

**Wenke**

- 'n Vraagsin kan met of 'n werkwoord of 'n vraagwoord begin.
- As die vraagsin met 'n vraagwoord begin, word dit deur die werkwoord (V1) gevolg en dan die res van die sin. Die antwoord op hierdie sinne is altyd spesifiek, bv. Wie is dit? Busi. Wanneer het dit gereën? Gister.
- Die antwoord op vraagsinne wat met 'n werkwoord begin, is altyd **Ja** of **Nee**, bv. Is dit Busi? Ja, dit is. Reën dit al? Nee, dit reën nog nie.

1.1 Skryf die sin oor deur met die gegewe vraagwoord te begin:
My pa gaan elke oggend agtuur werk toe om die boewe te vang.

a) Wie ____________________

____________________

b) Wanneer ____________________

____________________

c) Hoekom ____________________

____________________


© Oxford University Press Southern Africa

### Ken die woorde

**Gesin** vs. **familie**:
'n **Gesin** is die mense wat saam met jou woon, bv. jou ma, pa, boeties en sussies. Jou **familie** is die res van die mense wat aan jou verwant is, bv. jou oumas, oupas, niggies, nefies, ooms en tannies. Soms, wanneer 'n ouma by haar kinders woon, is sy eintlik deel van die gesin.

dogter – *daughter (family)*
meisie – *girl*
seun – *son (family)*
seun – *boy*

In Engels word daar tussen cousins, nephews en nieces onderskei. In Afrikaans gebruik ons slegs die woorde **niggies** (*vroulik*) en **nefies** (*manlik*).

1.2 Verander die sinne in vraagsinne deur 'n gepaste vraagwoord te gebruik. Die onderstreepte deel moet die antwoord op jou vraag wees.

a) <u>My ma</u> is 'n huisvrou.

______________________________________________

b) Sy leer my <u>om self hard te werk</u>.

______________________________________________

c) Hulle is <u>negentien jaar</u> oud.

______________________________________________

d) Ons kuier graag saam <u>oor naweke</u>.

______________________________________________

1.3 Verander die sinne in vraagsinne deur die sin met die werkwoord te begin.

a) Daar is nog gesinne soos myne.

______________________________________________

b) Hy het gister weer 'n bende vasgetrek.

______________________________________________

c) My ma help waar sy kan.

______________________________________________

### Wenke

**Tussenwerpsels** / **uitroepe** word in die direkte rede gebruik en word met 'n komma of 'n uitroepteken geskryf. Soms is dit 'n woord wat klank naboots, bv. Brrr, dis koud! Sjuut, ek leer!
Dit word ook gebruik om emosie te wys, bv. pyn (Eina!), hitte (Sjoe!), blydskap (Jippie!), ens.

2. Onderstreep die tussenwerpsel wat die beste in die sin pas.

a) (Jippie! / Sjuut! / Brrr!) My bababoetie mag nie wakker word nie!

b) (Ag nee! / Jippie! / Sjoe!) Kobus het my suster gevra om te trou!

c) (Ai tog! / Eina! / Aitsa!) Arme pappa moet weer laat werk vanaand!

d) (Sjoe! / Allawêreld! / Ag nee!) My swaer ry onverskillig met sy motorfiets!

c) (Eina! / Aitsa! / Ai tog!) Haar oupa het geval en sy been gebreek!

© Oxford University Press Southern Africa